



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

**EKONOMIE V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan 17 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 B produkte ✓✓
- 1.1.2 C ekonomiese aanwysers ✓✓
- 1.1.3 B regulasie ✓✓
- 1.1.4 C direkte ✓✓
- 1.1.5 A Nepad ✓✓
- 1.1.6 A Buitelandse beleggings aansporing ✓✓
- 1.1.7 A Die Nuwe Groeipad ✓✓
- 1.1.8 B middel ✓✓

(8 x 2) (16)

1.2 PAS ITEMS

- 1.2.1 C Geld wat onttrek word uit die kringloop ✓
- 1.2.2 D Markte is inherent stabiel ✓
- 1.2.3 I 'n Dokument wat die verwagte inkome en besteding bevat ✓
- 1.2.4 B 'n Sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land en ander lande ✓
- 1.2.5 H Die waarde van 'n geldeenheid word bepaal deur markkragte ✓
- 1.2.6 G Beperkinge word geplaas op die aanbod van goedere en dienste ✓
- 1.2.7 F Help om die jaarlikse totale produksie of inkome in die ekonomie te verhoog ✓
- 1.2.8 E Dit monitor kwessies wat verband hou met menslike welstand, oor 'n periode van tyd ✓

(8 x 1) (8)

1.3 IDENTIFISEER DIE BEGRIP

- | | | | |
|-------|-------------------------|---------|-----|
| 1.3.1 | Vermenigvuldiger ✓ | | |
| 1.3.2 | Kitchin-siklus ✓ | | |
| 1.3.3 | Handelsbalans ✓ | | |
| 1.3.4 | Sanksies ✓ | | |
| 1.3.5 | Aanbodkant benadering ✓ | | |
| 1.3.6 | Ekonomiese aanwyser ✓ | (6 x 1) | (6) |

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDE-BOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**2.1 2.1.1 Noem TWEE soorte finansiële markte.**

- Geldmark ✓
 - Kapitaalmark ✓
 - Buitelandse valutamark ✓
- (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan die regering die fiskale beleid aanwend indien die ekonomie te stadig groei?

- Regering kan belasting verlaag en owerheidsbesteding verhoog. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.)
- (2)

2.2 DATA RESPONS**2.2.1 Watter stippellyn op die grafiek duï die lengte aan?**

P1 P2 /T2 T3 ✓

(1)

2.2.2 Wanneer het die ekonomie sy hoogste piek bereik?

2005 / jaar 5 ✓

(1)

2.2.3 Verduidelik kortlik wat die amplitude illustreer.

- Die krag van onderliggende kragte ✓✓ bv. rentekoerse of uitvoere. ✓
 - Die mate van verandering. ✓✓ Hoe groter die amplitude, hoe meer ekstreem is die veranderings wat mag plaasvind. ✓✓
- (4)

2.2.4 Hoe sal 'n groot amplitude werkers oor die algemeen beïnvloed, gedurende 'n opswaai?

- Meer werksgeleenthede sal beskikbaar raak. ✓✓
 - Meer inkome en toename in die vraag na goedere en dienste. ✓✓
 - Dit sal lei tot inflasie. ✓✓
 - Indirekte skakels ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.)
- (Enige 2 x 2) (4)

2.3 DATA RESPONS

2.3.1 Waarvoor word tolgede aangewend?

- Word gebruik om lenings terugbetaal, wat die bou daarvan gefinansieer het. ✓
- Opgradering of verbetering van die pad. ✓ (2 x 1) (2)

2.3.2 Bespreek kortliks kollektiewe goedere, as een van die prys-opsies.

- Koste kan gehef word alhoewel dit ondeelbaar is. ✓
- Rugryers word uitgesluit, deur heffing van fooie, kostes en tolged. ✓ (2 x 2) (4)

2.3.3 Hoe suksesvol is die openbare sektor in Suid-Afrika, ten opsigte van die lewering van openbare dienste?

- Die regering misluk om die publiek te voorsien van die vereiste hoeveelheid goedere en dienste. ✓✓
 - In sekere gevalle lever openbare dienaars nie dienste nie as gevolg van burokrasie, korruksie en onbevoegdheid, ✓ bv. paaie, infrastruktuur. ✓
- (Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik die interaksie tussen *huishoudings* en *sakeondernemings* in 'n ekonomiese kringloop.

- Huishoudings is die eienaars van die produksiefaktore, want hulle verskaf produksiefaktore aan besighede. ✓✓
- Huishoudings ontvang inkome in ruil – huur, lone, rente en wins – van besighede. ✓✓
- Besighede verkoop goedere en dienste aan huishoudings. ✓✓
- Besighede ontvang inkome uit verkope. ✓✓ (4 x 2) (8)

2.5 Hoe suksesvol is die aanbodkant beleid in Suid-Afrika om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer, in die gladstryking van siklusse?

- Regering voorsien infrastruktuur en dienste, ✓✓ bv. energie, vervoer en telekommunikasie om produksiekoste te verlaag. ✓
- Administrasiekoste, verslae en inspeksies word verminder. ✓✓
- Regeringsubsidies word toegeken om produksie in sekere gebiede, waar ernstige tekorte voorkom, aan te moedig. ✓✓
- Tog subsidieer die regering nie spesifiek die landbou-sektor genoeg nie. ✓✓
- Regeringsinmenging is suksesvol verminder deur deregulering om die doeltreffendheid van markte te verbeter. ✓✓

- Regering moedig die ontwikkeling van nuwe ondernemings aan en skep 'n mededingende omgewing deur wetgewing, veral Klein-, Mikro en Medium Ondernemings (KMMO). ✓✓
- Privatisering van ondernemings in staatsbesit het mededinging in die mark verhoog. ✓✓
- Sekere staatsbesit ondernemings is nog nie geprivatiseer nie en dit veroorsaak 'n groot agterstand. ✓✓
- Belastingkoerse op persoonlike inkome en kleinsake ondernemings word verlaag as 'n aansporing om aanbod te verhoog. ✓✓
- Die waardeverminderingekoers op kapitaalgoedere word verhoog om ondernemings aan te moedig om die nuutste tegnologie te gebruik. ✓✓
- Kwaliteit en beweeglikheid van menslike hulpbronne is konstant 'n fokuspunt met verwysing na vaardighedsontwikkeling. ✓✓
- Gratis adviesdienste word deur staatsinstellings aangebied, bv. Onderstepoort. ✓✓

(Aanvaar ander toepaslike antwoorde.)

(Enige 4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Noem TWEE van Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelings strategieë.

- Nasionale Strategie oor Navorsing en Ontwikkeling (NSNO) ✓
- Geïntegreerde Vervaardiging Strategie (GVS) ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter spesifikasie moet oorweeg word wanneer die BBP bereken word, om die prestasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie te assesseer?

Om betekenisvol te wees, moet aanwysers saamgestel word kragtens hulle reëls en samestelling. ✓✓

(Enige ander toepaslike antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2 DATA RESPONS

3.2.1 Wat is die hoofdoel van die Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP)?

- Voorsien mense van beter werkgeleenthede, ✓
 - ordentlike werk vir almal ✓
 - en 'n volhoubare lewensbestaan, ✓
 - onderwys ✓
 - gesondheid, ✓
 - plaaslike ontwikkeling, ✓
 - voedselsekuriteit ✓
 - en grondhervorming ✓
 - en die baklei/veg teen misdaad ✓
 - en korruksie. ✓
 - Gee aan mense vaardighede ✓
 - wat hulle kan aanwend om beter werkgeleenthede te kry. ✓
- (Enige 1 x 2) (2)

3.2.2 Noem enige TWEE sektore waardeur die UOWP werks-geleenthede skep.

- Infrastruktuur ✓
 - Nie-regerings omgewing ✓
 - Kultuur ✓
 - Sosiale ✓
- (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 Hoe suksesvol is Uitgebreide Openbare Werke Program in die bereiking van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika?

- Alhoewel die aantal werklose mense daal, is die ekonomiese groei nog steeds aan die daal. ✓✓
 - UOWP dra by tot werkskepping alhoewel dit slegs tydelik van aard is. ✓✓
 - Opleiding word verskaf aan onvaardige, werklose mense en behoort te lei tot 'n positiewe groeikoers en ontwikkeling. ✓✓
 - Die regering gebruik meer arbeidsintensieve konstruksie en onderhoud metodes in openbare infrastruktuur projekte. ✓✓
 - Regering was ook suksesvol om vroue, die jeug en gestremdes te teiken ✓✓ bv. deur tydelike werkverskaffing. ✓
 - Help om die negatiewe uitwerkings van werkloosheid te verminder, wat erosie van selfbeeld, dwelm- en alkohol misbruik sowel as 'n verlies aan kennis en vaardighede, insluit. ✓✓
 - Diegene wat deelgeneem het, het groter sukses in deelname aan besparingsklubs, om hulle persoonlike hulpbronne te gebruik ten einde sosiale dienste en gemeenskaplike bates te verbeter en om die media te as bron van inligting gebruik. ✓✓
- (Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

3.3 DATA RESPONS

3.3.1 Noem die sosiale aanwyser wat in bostaande tabel gebruik word.

Demografie ✓ (1)

3.3.2 Wat is die tendens van die persentasie Vigs-sterftes van 2013 na 2015?

Afgeneem/gedaal ✓✓ (1)

3.3.3 Definieer die begrip *lewensverwagting*.

Die moontlike aantal jare wat 'n persoon sal lewe teen 'n gegewe ouderdom ✓✓ (2)

3.3.4 Waarom is bogenoemde inligting belangrik vir die Suid-Afrikaanse regering?

Ten einde die korrekte hoeveelheid sosiale dienste te voorsien (begrotingsprosesse). ✓✓ (2)

3.3.5 Watter positiewe rol kan die regering speel om gesondheidsorg in Suid-Afrika te verbeter?

- Plattelandse en stedelike gebiede sal toegang tot gesondheidsorg en medikasie hê. ✓✓
- Gesonde en produktiewe gemeenskap. ✓✓
- Beskikbaarheid van geld om te help om beskikbaarheid van Vigs medikasie aan almal te verhoog. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik die negatiewe uitwerking op die omgewing veroorsaak deur aktiwiteite van die Noord-verdeling.

- Hulle verbrand massieve hoeveelhede olie en steenkool. ✓✓
- Die gevolglike koolstofdioksied beskadig die osoonlaag. ✓✓
- Hitte wat vasgevang word onder die kweekhuiskombers, veroorsaak veranderende weersomstandighede. ✓✓
- Groot uitdagings sluit lugbesoedeling, waterbesoedeling, geraasbesoedeling en giftige afval in.
(Enige toepaslike inligting.) (Enige 4 x 2) (8)

3.5 Wat kan die regering / sakesektor doen om die huidige lae ekonomiese groeikoers aansienlik te verhoog?

- Werkverskaffingsprogramme/Verskaf werksgeleenthede. ✓✓
- Vaardigheidsontwikkeling/opleiding. ✓✓
- Toename in verbruiksbesteding deur huishoudings. ✓✓
- Toename om produksie kan lei tot toename in inkomste. ✓✓
- Hoër investerings besteding deur besighede of hoër invoere. ✓✓
- Regering kan fiskale beleid gebruik deur inkomstebelasting te verlaag. ✓✓
- Regering kan monetêre beleid gebruik deur rentekoerse te verlaag. ✓✓
(Enige toepaslike inligting.) (Enige 4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 4.1.1 Noem TWEE faktore wat die vraag na buitelandse valuta sal beïnvloed.

- Invoer van goedere ✓
- Betaling vir dienste van buitelandse lande ✓
- Koop van aandele in ander lande ✓
- Toeriste wat geld oorsee spandeer ✓
- Terugbetaling van skuld wat in die buiteland gemaak is. ✓
(Enige ander toepaslike antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom is die BBP teen markpryse hoër as die BNI teen markpryse?

- Buitelanders spandeer meer geld in ons land (SA) as wat ons in hulle lande doen. ✓✓ (1 x 2) (2)

4.2 DATA RESPONS

4.2.1 Wat is die hoof voordeel wat streeks-integrasie vir die mense van Suider-Afrika inhou?

- Verbeter lewenskwaliteit ✓
- Verminder armoede ✓ Maks. (1)

4.2.2 Watter rol het die oprigting van die Maputo Ontwikkelings Korridor in die SAOG gespeel?

- Verbeter handel tussen lande. ✓
- Verbeter hulle inkome. ✓
- Maak die wêrelde verskil aan SAOG inwoners. ✓
- Bevorder gladde beweging van goedere en dienste regoor die streek. ✓
- Verbeterde infrastruktuur insluitende paaie en spoorlyne. ✓ Maks. (1)

4.2.3 Bespreek die hoofdoelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan.

- Elimineer armoede ✓✓
- Private investering ✓✓
- Meer innovasie ✓✓
- Verminder ongelykheid teen 2030 ✓✓
- Meer infrastruktuur ✓✓
- Om ekonomiese geleenthede deur investering en infrastruktuur uit te brei. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.) (2 x 2) (4)

4.2.4 Hoe suksesvol was Suid-Afrika met streeksontwikkeling in vergelyking met die internasionale beste praktyke rakende goeie bestuur?

- Demokraties besluitneming, deursigtigheid, finansiële bestuur en beheer ✓✓ lei tot werkskepping, ✓✓ menslike ontwikkeling en makro en mikro-ekonomiese groei.
- ontwikkeling ✓✓ maar gebeur nie noodwendig nie ✓✓ (hoe werkloosheid en lae ekonomiese groeikoers). ✓✓
- Streeksontwikkeling strategieë is doeltreffend bestuur om korruksie te verminder ✓✓/ streeksontwikkelings-strategieë kan doeltreffend en vry van korruksie bestuur word. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

(2 x 2) (4)

4.3 DATA RESPONS

4.3.1 Noem enige EEN sone wat in die uittreksel geïdentifiseer word.

- Musina ✓
- Tubatse ✓
- Nkomazi ✓

(Enige 1 x 1) (1)

4.3.2 Wat is die doel van die DHN om die SES program te loods?

- Om swakhede in die ontwikkelingsone program te identifiseer ✓
- NOS was beperk om by hawens of lughawens te vestig. ✓
- Pasgemaakte aansporings vir spesifieke subsektore van nywerhede kon nie nagevolg word nie. ✓✓

(Enige 1 x 1) (1)

4.3.3 Verduidelik die verskil tussen die *NOS* en *SES*.

NOS	SES
Nywerheidslandgoed langs 'n lughawe of seehawe. ✓✓	Geografies afgebakende gebied waar die ontwikkeling van spesifieke ekonomiese aktiwiteite geïdentifiseer word. ✓✓
Uitvoere is hoofdoel. ✓✓	Aansporings, soos belastingverligting en ondersteuning stelsels om nywerheidsontwikkeling aan te moedig, word aan hierdie gebiede gekoppel. ✓✓
Bv.: Coega – staal- en motor komponente, OR Tambo Internasionale Lughawe – hoe tegnologie nywerhede, Oos-Londen – voertuie, Richardsbaai – metale, Saldanhabaai – staal. ✓ (Enige voorbeeld – gee 1 punt)	Skep 'n grondslag vir 'n wyer reeks industriële onderdele. ✓✓ Voorsien ekonomiese infrastruktuur om doeltreffende groepering van waarde toevoeging en werkskepping daar te stel, wat vervaardigers sal beter sal laat vertoon. ✓✓
	Maks. (4)

4.3.4 Waarom word Buitelandse Direkte Investering (BDI) as die mees verlangde soort investering in Suid-Afrika, beskou?

- Buitelandse Direkte Investering sluit investering in eiendom (vaste eiendom) in. ✓✓
- Dit dien as 'n langtermyn bron van kapitaal. ✓✓
- Die investeerders bring die beste internasionale praktyke van bestuur saam met hulle. ✓✓
- Groter bedrae kapitaal vloeи in deur hierdie investerings en meer nywerhede word opgerig. ✓✓
- Dit help om werkskepping te verhoog. ✓✓
- Die investering is nie-skuld, nie-vlugtige investerings. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

4.4 Verduidelik metodes wat gebruik word om uitvoer bevordering te ondersteun.

- **Aansporings:** ✓
- Die regering verskaf inligting oor uitvoeremarkte, navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoerkoste en uitvoer krediet, ✓✓
- ten einde uitvoere aan te moedig en te stimuleer. ✓✓
- **Subsidies:** ✓
- Dit sluit direkte en indirekte subsidies in: ✓✓
 - Bv. Direkte subsidies: Kontantbetalings vir uitvoere ✓
 - Bv. Indirekte subsidies: Terugbetalings op invoertariewe en algemene belastings kortings. ✓
- **Handelsneutraliteit:** ✓
- Subsidies gelykstaande aan invoerbelasting, word betaal. ✓✓
- Neutraliteit kan deur handelsliberalisering bereik word. ✓✓ Maks. (8)

4.5 Waarom is onderwys so belangrik as 'n sleutel sosiale aanwyser in Suid-Afrika?

- Die lewensstandaard is verwant aan die vlak van onderwys. ✓✓
- Die rol van onderwys raak meer belangrik in die ontwikkeling van menslike kapitaal. ✓✓
- 'n Gemeenskap van geletterde en vaardige inwoners het 'n groter kans vir ontwikkeling op ekonomiese en sosiale vlakke. ✓✓
- Onderwys kan armoede en sosiale ongeregtheid verlig ✓✓ deur die minder bevoorregtes te voorsien van hulpbronne ✓✓ en geleenthede vir opwaartse sosiale beweeglikheid en sosiale insluiting. ✓✓
(Enige toepaslike inligting) (Enige 4 x 2) (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE TOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Inhoud: Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/ Ontleed/ Vergelyk/ Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/ Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/ Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot die behoort volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort samevatting van wat bespreek is/ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal • Enige opinie of waardeoordeel oor die bespreekte feite • Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk/ontleding • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis • Aanbevelings 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

Buitelandse handel raak toenemend belangriker vir die ekonomiese welstand van 'n land. Hoe meer oop en geïntegreerd 'n land is met die res van die wêreld, hoe beter is sy kanse om die ekonomiese welvaart van sy inwoners te verbeter.

- Bespreek die hoof aanbod redes vir internasionale handel. (26 punte)
- Hoe doeltreffend is internasionale handel vir Suid-Afrika? (10 punte)

INLEIDING

Lande mag 'n surplus van sommige goedere hê en 'n tekort aan ander goedere en hulle sal handel dryf om die wanbalanse reg te stel. ✓✓

(Enige ander toepaslike inleiding) **Maks. 2**

**INHOUD
HOOFDEEL**
Aanbod redes

- **Natuurlike hulpbronne** ✓
 - Is nie eweredig oor al die lande van die wêreld versprei nie. ✓✓
 - Dit verskil van land tot land en kan slegs uitgebuit word in plekke waar hierdie hulpbronne voorkom. ✓✓
- **Klimaatstoestande** ✓
 - Sekere oeste kan slegs by sekere klimaatstoestande verbou word en lande wat dit nie kan verbou nie, moet dit invoer. ✓✓
 - Dit is moontlik vir sommige lande om sekere goedere teen laer pryse te produseer as ander lande bv. Brasilië is die grootste produsent van koffie. ✓✓
 - Goeie klimaatstoestande is belangrik vir landbouproduksie. ✓✓
- **Tegnologiese hulpbronne** ✓
 - Is beskikbaar is sekere lande en stel hulle in staat om sekere goedere en dienste teen laer eenheidskoste te produseer, bv. Japan. ✓✓
 - Sekere kennis, vaardighede en aanleg word vereis vir die produksie van spesifieke produkte. ✓✓
 - Byvoorbeeld, lande wat nie oor tegniese vermoë en kennis aangaande produksieprosesse vir die vervaardiging van toerusting ✓✓ en hoë tegnologie goedere, beskik nie, sal hierdie goedere en toerusting moet invoer. ✓✓
- **Arbeid hulpbronne** ✓
 - Verskil in kwaliteit, kwantiteit en koste tussen lande. ✓✓
 - Sommige lande het hoogs vaardige, goed besoldigde werkers met hoë produktiwiteitvlakke, bv. Switserland is welbekend vir sy uitstekende horlosies. ✓✓
- **Spesialisasie** ✓
 - 'n Land kan 'n absolute voordeel hê as dit 'n goed of diens of die meeste goedere en dienste kan produseer, teen die laagste koste. ✓✓
 - Byvoorbeeld Japan produseer elektroniese goedere en verkoop dit teen 'n lae prys. ✓✓

➤ **Kapitaal ✓**

- Laat ontwikkelde lande toe om 'n voordeel te geniet bo onder-ontwikkelde lande ✓✓
- A.g.v. 'n gebrek aan kapitaal, kan sommige lande nie al die vereiste goedere hulself produseer nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike antwoorde)

Maks. 26

(Indien slegs genoem maks. 6 punte)

ADDITIONELE DEEL

Hoe doeltreffend is internasionale handel vir Suid-Afrika?

- A.g.v. spesialisasie kan Suid-Afrikaanse tekstiel vervaardigers nie meeding met Chinese produsente nie en gevvolglik moes hulle toemaak. ✓✓
- Dit lei tot baie werkers wat hulle werk verloor en moet deur die regering aangespreek en bestuur word. ✓✓
- Suid-Afrika het meer minerale wat dit kan gebruik, maar minder olie as wat dit nodig het. ✓✓
- Baie SA maatskappye probeer om hulself in Afrika-lande te vestig ten einde te verseker dat die voordeel van koopkrag van miljoene mense te beveilig. ✓✓
- Massaproduksie behoort altyd te lei tot toename in vraag. ✓✓
- Produsente kan produksie doeltreffend verhoog, ✓✓ meer plaaslike produksiefaktore sal in diens geneem word en 'n hoër lewensstandaard sal materialiseer. ✓✓
- Internasionale handel is midde-in globalisasie ✓✓ bv. handel in IT, kommunikasie en vervoer. ✓✓
- Uitgebreide handel sal meer internasionale handel stimuleer. ✓✓
- Plaaslike ekonomiese groei volg met verder styging in die lewensstandaard. ✓✓

(Enige ander toepaslike antwoord.)

(Maks.10)

SLOT

Ek sal aanbeveel dat internasionale handel versigtig gemonitor word sodat dit voordele na alle lande bring. ✓✓

(Enige ander toepaslike slot.)

(Maks.2)

[40]

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

Die doel van die fiskale beleid is om makro ekonomiese groei en ontwikkeling te stimuleer en herverdeling van inkome te verseker.

- Bespreek hierdie stelling deur te fokus op die instrumente van die fiskale beleid in die Suid-Afrikaanse konteks en hoe dit 'n verlangde herverdeling van inkome verseker. (26 punte)
- Na jou mening, hoe suksesvol is die Suid-Afrikaanse regering in die voorsiening van die basiese behoeftes van benadeelde persone? (10 punte)

INLEIDING

Fiskale beleid is die beleid van die staat met betrekking tot regeringsinkomste en -besteding soos bepaal deur die Nasionale Begroting. ✓✓
(Enige toepaslike inligting) **Maks. 2**

**INHOUD
HOOFDEEL**

- **Belasting** ✓
 - Dit is verpligte betaling deur alle inwoners van 'n land. ✓✓
 - Dit word gehef om inkome te verkry om uitgawes mee te dek. ✓✓
 - Om die gebruik van nie-meriete goedere te ontmoedig (sondebelaстиng). ✓✓
 - Om invoere te ontmoedig en inkome te verdeel. ✓✓
 - Om die vlak van die totale vraag en totale aanbod te beïnvloed. ✓✓
- **Regeringsbesteding** ✓
 - Regering spandeer geld om openbare en merietegoedere en dienste gratis of teen gesubsidieerde pryse te voorsien. ✓✓
 - Om rente vir regeringskuld te betaal. ✓✓
 - Om inkome te herverdeel. ✓✓
 - Om totale aanbod en vraag te beïnvloed. ✓✓
- **Progressiewe persoonlike inkomstebelaстиng** ✓
 - Hoër inkome verdieners word teen hoër koerse belas. ✓✓
 - Hierdie belastings word gebruik om sosiale ontwikkeling te finansier. ✓✓
 - Die armes trek meer voordeel as diegene met hoër inkome. ✓✓
- **Kontantvoordele** ✓
 - Ouderdomspensioen, ongeskiktheidstoelaes, kindertoelae en werkloosheidsversekering is kontanttoelaes. ✓✓
 - Dit staan ook as sosiale sekuriteitsbetalings bekend. ✓✓

➤ **Rykdomsbelastings ✓**

- Eiendomme word belas volgens hulle markwaarde. ✓✓
- Oordragkoste word belas wanneer eiendomme gekoop word. ✓✓
- Sekuriteite word belas wanneer dit verhandel word. ✓✓
- Kapitaalwinsbelasting word gehef op opbrengste met die verkoop van kapitaalgoedere, bv. eiendomme, aandele. ✓✓
- Boedelbelasting word betaal op die boedel van die oorledene, met 'n waarde van meer as R3,5 m. ✓
- Hierdie belastings word gebruik om ontwikkelingsuitgawes te finansier wat die armes nog meer sal bevoordeel. ✓✓

➤ **Voordele in natura ✓**

- Dit sluit die voorsiening van gesondheidsorg, onderwys, skool maaltye, beskerming, infrastruktuur, ens. in. ✓✓
- Wanneer verbruikerstariewe gehef word, betaal lae inkome verdieners of armes minder of niks. ✓✓
- Beperkte hoeveelhede gratis elektrisiteit en water word voorsien. ✓✓

➤ **Ander herverdeling ✓**

- Openbare werke programme, bv.. Strategies Geïntegreerde Projek verskaf indiensneming subsidies en ander kontant en finansiële voordele soos opleiding, finansiering en uitvoeraansporings aan KMMOs. ✓✓

➤ **Subsidies op eiendomme ✓**

- Dit help mense om eienaarskap van vaste residensiële eiendomme te bekom. ✓✓
- Byvoorbeeld regering se behuisingssubsidie-skema voorsien befondsing aan alle mense wat minder as R3 500 per maand verdien. ✓✓

➤ **Grondrestitusie en grond herverdeling✓**

- Grondrestitusie is die teruggee van grond aan diegene wat dit verloor het as gevolg van diskriminerende wetgewing van die verlede. ✓✓
- Grondherverdeling fokus op grond vir residensiële en produksie (plaas) doeleindes, aan voorheen benadeelde groepe. ✓✓
- Die geld vir hierdie programme word in die hoofbegroting voorsien. ✓✓

(Maks.26)

(Indien slegs genoem maks. 8 punte)

ADDITIONELE DEEL

Na jou mening, hoe suksesvol is die Suid-Afrikaanse regering in die voorsiening van die basiese behoeftes van benadeelde persone?

- Die regering voorsien baie inwoners van 'n land van sosiale maatskaplike toelae: ouderdomspensioen, kindertoelae, ongesiktheidstoelae – 'n proses wat jaarliks aangepas word om aan te pas by die behoeftes van die bevolking. ✓✓
 - Die regering is baie suksesvol in voorsiening van in natura voordele, dit sluit in gratis water (6 000 liter per huishouding) / gratis elektrisiteit (20 kWh) en gratis behuising (3 miljoen huise gebou sedert 1994) / sowel as 'n skoolvoedingskema aan ongeveer 270 000 laerskoolkinders. ✓✓
 - Alhoewel dienste, soos skoon water, energie, rioolstelsels, storm water dreinering, vullisverwydering, paaie en behuising aan miljoene, wel gelewer word, laat ondoeltreffende munisipaliteite almal in die steek. ✓✓
 - Baie Suid-Afrikaners ondervind 'n gebrek aan dienslewering by staatshospitale waar toestande agteruitgaan. ✓✓
 - Gratis onderwys aan die armste 20% van gemeenskappe, ✓✓ maar ernstige probleme in die onderwysstelsel dra nog daartoe by dat duisende leerders die stelsel verlaat sonder 'n behoorlike graad of opleiding. ✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike antwoord.) **(Maks. 10)**

SLOT

Aanbieders hou vol dat regeringsinmenging in die ekonomie slegs nodig is as dit die gladde werking van die markte verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike slot.) **(Maks. 2) [40]**

TOTAAL AFDELING C:	40
GROOTTOTAAL	150